04 Jan

Uitgawe 2012/01/04

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir gebedsinligting, besoek www.jwipn.com, www.global24-7.org en www.globalprayerwatch.org

Herlewing

Mensekind, kyk met jou oë en hoor met jou ore en gee ag op alles wat ek jou sal laat sien; want om jou dit te laat sien, is jy hierheen gebring. Verkondig aan die huis van Israel alles wat jy sien. (**Esegiël 40:4**). Dit is die begin van 'n nuwe jaar. Na 'n goeie rustyd voel dit gewoonlik asof ons berge kan versit. Die Woord van God bemoedig ons om ons beplanning te doen volgens dit wat die Gees van God aan ons openbaar. Hersien elke instruksie wat die Here aan jou gegee het die afgelope paar weke terwyl jy Sy aangesig gesoek het. Ken Hom in al jou weë en vertrou dat Hy vir jou die regte pad sal wys. Verkondig dit wat jy sien oor jou gemeente, gemeenskap, huishouding, ens. ***Hemelse Vader, ek laat my weg aan U oor. Soos ek in U Woord wandel, sal U my weg voorspoedig en suksesvol maak tot eer en verheerliking van U naam. Amen.***

Deurbraak: Mosambiek – dowes hoor en blindes sien

'God doen wonders in die bosdorpie van Nanjua', is die verslag van sendelinge in Mosambiek. 'Ons het drie maande terug vir die eerste keer besoek afgelê. Sedertdien is daar geen dowe mense om voor te bid nie, want hulle is almal genees. Selfs die hoof van dorpie is gered en hulle werk tans aan 'n kerkgebou. Tydens die uitreik het ons baie bekerings en wonderwerke gesien. Ons het 'n blinde man, Samuel, ontmoet. Hy het heeltemal blind geword in 2010. Hy het na ons gekom en gesê hy het het gehoor hoe ons bid. God het hom na ons gestuur. Nadat daar vir hom gebid is kon hy kleure, gesigte en vorms herken. Hulle het hom na 'n mango boom geneem en hy het die vrugte getel – iets wat hy nie voorheen kon doen nie. (editor@prayer-alert.net, 08/12/11). ***Prys die Here vir die wonderwerke wat Hy gedoen het. Bid dat die persone wat aangeraak is konstant hul getuienis sal deel sodat ander vir God in Sy almag sal leer ken. Bid vir die sendelinge – dat God in al hul behoeftes sal voorsien en dat hulle gegrond in die liefde van Christus sal wees.***

Bid vir jou gemeenskap: Gesiggestremdes

Die geskrewe woord is die sleutel tot kennis, maar voordat Braille ontwikkel is, was dit ontoeganklik vir die wat nie kon sien nie. Die kombinasies van net ses klein verhewe puntjies, uitgedruk op spesiale papier, is 'n reddingsboei vir baie gesiggestremde mense. (http://www.jwipn.com/daily_prayer_guides/JANUARIE.pdf, 14/12/11). ***Bid asseblief vir die verspreiding van Braille Bybels vir die wat dit begeer en nodig het in die besonder vir diegene wat dit nie kan bekostig nie. Bid ook vir die vertaling van meer leesstof na Braille, vir blinde mense om te leer Braille lees en dat duisende van hulle gered sal word.***

Suid-Afrika: SMS-wenk inisiatief

Die Stop Misdaad-lyn is in Junie 2007 ingestel en is daarop gemik om misdadigers van die strate af te verwyder. Die projek word deur die Suid-Afrikaanse Polisie Diens (SAPD) onderskryf. Daar word op enige inligting van misdadigers wat aan die Stop Misdaad-lyn deurgegee word, gereageer – dit maak nie saak of die oortreders moordenaars, verkragters, diewe, kapers, dwelmsmouse, bendelede, molesteerders, ens, is nie. (http://www.jwipn.com/daily_prayer_guides/JANUARIE.pdf, 14/12/11). ***Dank God vir inisiatiewe soos hierdie wat 'n antwoord op gebede van baie jare is! Bid dat mense meer bewus sal word van hierdie inisiatief en dat baie misdadigers voor die hof sal verskyn vir hulle oortredings. Bid vir die redding van misdadigers se siele. Vra ook dat onskuldige mense nie in hegtenis geneem word of in die tronk sal beland nie.***

Internasionaal: Afghanistan – straatkinders

Vyftig duisend kinders werk op die strate van Afghanistan se hoofstad. Sommige is wees, ander werk om hul families te onderhou deur kougom, tydskrifte of snuisterye te verkoop. Ander politoer skoene, was motors of spreek goeie wense uit 'n blik met brandende kruie. Sommige bedel. Elkeen van hulle is kwesbaar vir uitbuiting en mishandeling van misdadigers en die polisie. 'n Christen in die land het gevra vir gebed vir die kinders wat probeer oorleef. Daar word organisasies benodig wat hierdie kinders en hul families sal ondersteun. Bid dat die geld wat gestuur word na die land vir welsyn ook die straatkinders sal bereik en dat hulle aan die Een bekend gestel sal word wat kinders liefhet. (editor@prayer-alert.net, 08/12/11). ***Staan op, skreeu in die nag by die begin van die nagwake, stort jou hart uit soos water voor die aangesig van die HERE, hef jou hande op na Hom, ter wille van die lewe van jou kinders wat versmag van honger by die hoek van al die strate.*** (**Klaagliedere 2:19**).

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com